

29 Augustus

**Skrifgedeelte: Psalm 115
Fokusgedeelte: Psalm 115:2-4**

God leef! Vertrou vandag op Hom

Waarom dink jy as jy die woord “afgod” hoor? Baie keer dink ons aan `n fisiese voorwerp: `n beeld van goud of silwer waarvoor mense buig en wat deur hulle aanbid word. In Psalm 115 lees ons ook van sulke afgode en die digter spot met hulle: “`n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie..”

Daar is ook ander afgode wat minder opsigtelik is waarop ons harte tog so maklik vertrou. Dis nou dinge soos ons geld, ons kwalifikasies, ons intelligensie, ons familie, ons posisie in die werk of samelewing – of iets anders.

Psalm 115 laat ons vandag weer diep nadink oor moontlike afgode in ons eie lewe. Ons word opnuut aangemoedig om net op die Here te vertrou. Hy is so totaal anders as die afgode waarop ons so maklik begin vertrou. Die Here leef! Hy leef op hierdie oomblik. Hy regeer en heers oor alle dinge, ook oor ons elkeen se lewe. Hy help en beskerm ons, Hy seën ons elke dag oorvloedig.

Besluit opnuut vandag, deur die krag van die Heilige Gees, om net op die lewende God te vertrou. Wie op die lewende God vertrou, bly ewig lewe. Hy wat besluit om op dooie afgode te vertrou, stuur af op `n nimmereindigende doodspad.

Sing: Psalm 91:1

Ds L du P van der Vyver (Silverton)